Die simbole wat by die konstruering van blomdiagramme en blomformules gebruik word, word duidelik geïllustreer saamgevat. Dit voorsien in 'n werklike behoefte en sal sekerlik wyer as net deur eerstejaarstudente gebruik word. Sommige terme wat gebruik word, mag hier en daar die leser se wenkbroue laat lig, maar al verskil die leser van die outeurs, is daar 'n aantal navolgenswaardige voorbeelde van sinvolle taalgebruik, byvoorbeeld die ietwat onbekende gebruik van *kieming* in plaas van die meer algemene (en miskien foutiewe) *ontkieming*.

Die groepering van die leerstof is soms vreemd, byvoorbeeld die bespreking van die gebruike van radioaktiewe isotope saam met die blaaranatomie, maar die optimale benutting van klastyd veroorsaak sekerlik dergelike situasies in enige kursus, waar dit ook al aangebied word.

Geen plantkundige aan enigeen van die instansies waar opleiding in die vak aangebied word, sal sonder sy eksemplaar van hierdie publikasie wil wees nie, en dit kan en sal sekerlik met groot vrug deur junior en selfs meer senior studente gebruik word.

Die outeurs moet gelukgewens word met 'n goed deurdagte publikasie wat slegs 'n positiewe bydrae tot die dosering van die vak kan lewer.

J. Coetzee

ANNOUNCEMENT

The publication is announced of EXCELSA 8 and EXCELSA TAXONOMIC STUDIES NO. 2 *(A review of Tridentea Haw. Asclepiadaceae)*. These are both obtainable from Excelsa, P.O. Box 8514, Causeway, Salisbury, Zimbabwe.